Ps. 146 :1,4,8 Xtus. die Onveranderlike. | Akademiediens U. Pretoria - 18 ?. 1953

Ges. 9: 3.4.
" 62: 6.

Hebr. 13: 1-21

Hebr. 13: 8 — Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.

'n Telefoon bel in 'n huis, 'n telegrambode klop aan 'n deur: dd. oproep of telegram bevat 'n bdsk. wat d. hele lew. loop van 'n mens kan verander // Sulke skielike onvermagte gebeure — vasgepen in d. herinnering — bring soms groot ommentelinge in mense se lewes // En tog - tog is daar min dinge wat (miskien juis omdat dit so onopgemerk, geleidelik kom) sulke ingrypende en blyw. verandering in mense se lewes bring as 'n student se koms n.a. paarjarige verblyf aan 'n Univ. Want:

—Tree 'n nuwe wêreld binne, totaal ander gemeenskap. In die wêreld sal daar vir u as eerstejaars baie dae kom (het ons ander dit nie ondervind!) — dat ons lighoofdig sal voel + nie deur d. min slaap v.d. 1e dae nie + mr. deur d. magdom van nuwe indrukke + botsende beskouinge wat u sal oorweldig! mr. wat soveel ander ons

U wat vir d. 1e maal kom ^ moet te wagte wees, u dlv. voorberei, dat baie dinge sal verander: uiterlike omstandighede — innerlike houding — aard van u kennis — lewensuitkyk + wêreldbeeld — waardebepaling van dinge! Na 2-3 jr in baie opsigte. nie meer dies. mens! (Baie ryker — of baie armer)

Hd. verandering nie 'n ramp nie — eg geden 'n seën — abs. noods. vir enige selfst. ontwikkeling:

ha. jare is d. jare van groot dinge in 'n student se lewe: dié tyd wfin ek stud. eie voete moet vind — eie toekoms beplan — eie beslissinge leer neem — eie waardes bepaal. Dlom wil ons heel a.d. begin sê: gryp d. geleentheid aan met albei hande — drink diep by d. bronne van kennis en wetenskap — maak d. vensters van u hart en gees wyd oop sodat d. ~~fris skep~~ verfrissende lug kan inwaai!

Moenie bang wees vir d. verandering nie — dis nodig!

En tog — by al d. verandering & omwenteling — sal u ontdek — is daar diep in elke mensehart 'n behoefte wat nie misken of onderdruk kan word nie — 'n behoefte aan sekerheid, sekuriteit, 'n rots vir d. dag van storms. U sal uitvind as d. eerste bekoring van nuwe dinge verbygegaan het — dat u (soos alle ander mense) iets of Iem. nodig het wat nooit verander. Want as alles in & om ons gedurig verander ~~ta~~ almal binne 'n paar maande mal! U sal uitvind — as u dit nog nie gedoen het nie — dat elke mens sy lewe moet bou op sekere grondwaarhede — waarhede v.d. geloof. Dlom u herinner a.d. wd. van ons teks: Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid!

I Wie dié Xtus? Sy naam vertel wie Hy is: U voorstel aan hd Man:

"Jesus": Besonder ryk & suggestief. — Kom van wortelwd wat beteken — ruimte, geriefd > vry te stel, los te maak > Verlosser.



Daar is nog 'n wdo in naam Jesus = sametrekking van Josua (verwant aan Jehovah) wat eintlik beteken "Ek is wat Ek is" = die Onkenbare, d. Ondeurgrondelike. In dd. wd nog twee ander betekenisse opgesluit: a) rykdomme b) 'n roepstem — Jesus dus: d. Ondeurgrondelike, dié Een wat Sy rykdomme kan aanbied — d. mens altoos tot redding roep!

Xtus: = Gesalfde (Gr.) — Ou en tyd 3 groepe gesalf: profete — priesters — konings. As profeet is Xtus d. draer v.d. godd. waarheid & wd — as priester ons almal se diensknegt geword — as Koning heerser v.d. Eeue, v. alle wêrelde! Die alfa & d. Omega, van ewigheid tot ewigheid d. Heer!

— Jesus — Hebr — Xtus — Gr = Universalisme!

Nie meer nog: gister — dieselfde — d. ommeand.

II Xtus die Onveranderlike: In so baie dinge:

(1) I.d. waarheid wat Hy bring: Ons staan hier voor een v.d. mees onverklaarbare raaisels dat byna 2000 jr. gelede 'n Man ~~gekom het~~ sy verskyning gemaak het wat kom beweer het dat Hyself d. Waarhd is, en dat Sy wd. d. volle wrhd was & is & sal bly. Geslagte het gekom en gegaan, nasies is gebore & het gesterwe, beskawings het verrys & versink — "Verlossers" v.d. mensdom het opgestaan & ~~vergaan~~ verdwyn — mr. d. wd. van die Man het bly staan. Waarom?

Daar kan net een rede wees: omdat dit d. waarheid is!

Dink nou a.d. gang v.d. wetenskap: dink aan al d. uitvindinge & ontdekkinge — hoe verander hulle nie elke dag nie! Wat gister as wonder aangekondig is, is nou vergete. Dink aan al d. wysgerige rigtinge — een stelsel deur d. ander verwerp — een wêr. beeld deur d. ander vervang / Op al d. vrae: Wie is God? Wat is d. mens? Waar vandaan? Waarheen? bly antwo. vaag, botsend, ... Terwyl alleen Xtus se wd. met ~~rustig~~ rustige sekerheid antwoord gee! Onveranderlik deur d. eeue!

Teks

② I.d. mense wat Hy besoek: Bly d. onveranderlike in d. mense wat Hy besoek: Of dit is

— die trotse Fariseër of d. veragte Samaritaan
— die ryk Simon of d. arm straatvrou (uitskot)
— die voortvarende Petrus of d. vyandige Paulus
— die Westerling in New York of d. Oosterling in New Delhi
— die mens v.d. 1e of d. mens v.d. 20e eeu
— die ryk jongeling v.d. baie talente of d. arm jong student v.d. een talent —

Na d. een kom Hy soos na d. ander — maak geen onderskeid, — soek nie uit — gee nie voorkeur; kom na almal m. dies. doel: sien ons almal as mense m. 'n ewigdurende siel — sien ons i/d nood v. ons eie harte — kom besoek ons almal m. een oogmerk: te help, te red, te lei tot God!

„J. Xt dieselfde!" Teks



③ I.d. sekerhd wat Hy bied: Toe hd. Xtus op aarde gekom het het Hy daarin geslaag om iets aan mense te gee wat hulle vantevore nie besit het nie: inn. sekerhd, vrede & kalmte wat niks hulle kon ontneem! Legio — M. Magdalena — Susters v. Laz. in hulle droefheid — Nikod. in sy soektog na waarhd —

Voortgegaan: na sy dood ens. — duisende ander! Hoeveel deur d. eeue hulle vrees & twyfel, hulle angs & ~~kwel~~ kommer, hulle kwelling & wanhoop aan die voete van die Xt. kom lê & daar rus & vrede gevind!

Teks

III ~~Die aanspraak~~ Wat beteken dit vir my?: Die feit dat Xt. kom m.d. aanspraak: „Ek d. alfa ens. — wat sê dit vir my?

① Xtus wil aan elkeen v. ons ook d. lig v.d. waarhd bring: Somm. van ons sal langs baie versk. weë d. waarheid soek — i/d laboratoriums, ander sal delf i/d kult. skatte v.d. verlede, die ou meesters — sleggeraar word na ou wêrelde, vergange beskawings. Ander sal dit soek i/d drang na avontuur, na ervaring. Nog ander in allerlei wysgerige redenasies ... almal soekers!

→ Eens op d. pad moet 'n dag daag dat u moet ~~ontdek~~ uitvind, erken: het een waarhd: „J.Xt. gister & v/d. dies. & tot in ewigheid" Dan ontdek: d. storms van my hart het bedaar d. soektog v. my siel is be-eindig!

So nie sal u bly — 'n reisiger na nêrens!

(2) Xtus wil my ook as mens besoek: Die vriende wat u op Univ. sal vind kan vir u lewe baie beteken. Sal 'n dag kom dat u sal ontdek: hulle kan u nie help. Dan soek na iemand wat u as mens, as jongmens, wil besoek, u verstaan, u nie veroordeel — ver. ook iemand wat u wil uitlei tot hoër dinge, wil gee 'n dieper liefde, u kan verlos van duister bose magte. Gelukkig d. student wat ontdek: Xt. Dd. persoon is Xt. Jesus — gister & vdd dies. & tot in ewigheid!

(3) Xt. wil my ook 'n blyw. sekerhd bied: Al d. nuwe ervaringe & belewinge van 'n stud. loopbaan hou ook hulle ernstige gevare in. Vir baie van u sal daar ure kom van twyfel, innerlike stryd & donkerhd — oomblikke dat u 'n groot rooi streep wil trek deur alle ou aanvaarde geestel. waardes & morele beginsels — oomblikke kom v. wilde verset teen gesag: ook d. hm. gesag v God in u lewe! Wat gaan u dan staande hou? Moet êrens 'n vaste steunpt hê ~~oor minstens 2 dinge moet elke mens sekerhd hê: Waar kom ek vandaan? Waar gaan ek heen?~~ Dis die 2 hoof-ankers in dag v storms. By al hulle voortreflikhede kan d. moderne wetenskap. d. wysheid ~~filosofie~~ d. ervaring ens. dit nie gee nie. Selmuteit – valse belegging

Nee, u het iets diepers nodig: onwrikbare geloof in die Xt. wat gesê het: „Ek is d. Α & die Ω"; „Ek is die Weg, die Waarhd, d. Lewe" Êrens het u 'n vaste steunpunt nodig, Ek weet nie hoeveel van u dit nie besit — weet net dat d. sekerhd eers gebore word uit d. blye belydenis: J.K. gister & vdd. ..." Amen